

## Landbouwetenskap -Graad 10

### Week 8: 11 – 14 Aug

Plak die werk in jou boek en vul die uitgelate dele in met n kort verduideliking.

#### Verwerking van rotse

##### Dinsdag -11 Aug

**Rots verwerking is belangrik om nuwe soorte grond te vorm.**

Dit bestaan hoofsaaklik uit 3 hooftypes verwerings:

Meganies/Fiesies- breek rots in kleiner deeltjies af.

Temperatuur	
Water	
Druk	
Wind	

Chemies- rotse gaan deur chemiese verandering en dit gebeur gewoonlik makliker in warm vogtige areas.

Karbonering	
Hidrolise	
Hidrasie	
Oksidasie	

Biologies- afbreek van rotse deur lewende organismes.

Wortelgroei	
Groei van pioniersplante	
Metaboliese prosesse	
Gate wat diere grawe	

## Grondvormingsfaktore

### Donderdag-13 Aug

Daar is verskillende faktore wat n rol speel met die vorming van grond.

Daar is 5 hoof faktore met sub-redes nl.

- ♣ Topografies
- ♣ Klimaat
- ♣ Biologies
- ♣ Moedermateriaal
- ♣ Tyd

### Topografiese faktore

Verwys na die algehele vorm en kenmerke van die landskap.

Helling	
Hoogteligging	
Aspek	

### Klimaatfaktore

Belangrikste faktor met die tipe grond wat vorm. Verskillende weerpatrone gaan verskillende tipes grond vorm en verskillende hoeveelhede.

Temperatuur	
Neerslag	
Wind	

### Biologiese faktore

Wanneer lewende organismes help met die vorming van grond.

Plantegroei (3)	
Mikroorganismes	
Diere	
Mesofauna	
Menslike aktiwiteite(3)	

### Moedermateriaal

Moedermateriaal is baie ou rots van die aardkors. En dit is nie orals dieselfde oor die aarde nie.

Geologie	
Mineralogie	

### Tyd

In sommige areas vat grondvorming baie langer oor al die ander faktore ingereken moet word soos met bv. Klimaat.

In tropiese areas gaan daar baie meer verwerking plaasvind as in 'n droë streke.

Tropiese streke vorm 1cm grond elke 200 jaar.

Droë streke vorm 1cm grond elke 300 jaar.

**Die gevolgtrekking is egter dat grond baie stadig vorm en dit is hoekom dit vir ons so kosbare hulpbron is wat ons volhoubaar moet gebruik.**